education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRADE 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Daar is keuses binne elke vraag in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | ONTWERPGELETTERDHEID (VRAAG 1 tot 4) | (80 punte) |
| AFDELING B: | ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS (VRAAG 5 en 6) | (40 punte) |
| AFDELING C: | ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS (VRAAG 7) | (30 punte) |

5. Lees die vereistes van die vrae aandagtig deur.

6. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite.

7. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.

8. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal nie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

Beantwoord al die vrae.

### VRAAG 1: 'ONGESIENDE' ONTWERP WAT VISUELE GELETTERDHEID ASSESSEER

1.1 Die Konstitusionele Hof het na die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika ontstaan. Hierdie hof beskerm en bekragtig die konstitusie – die hoogste wet van Suid-Afrika.

Bestudeer die figuur hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR 1.1: DIE LOGO VAN DIE KONSTITUSIONELE HOF VAN SUID-AFRIKA**

1.1.1 Noem en bespreek enige TWEE algemene elemente en/of beginsels van ontwerp wat in die logo hierbo gebruik is. (2)

1.1.2 Noem en bespreek enige TWEE gestalt- of universele beginsels wat in die logo hierbo gebruik is. (2)

1.1.3 Bespreek die simboliek soos gebruik in FIGUUR 1.1 en evalueer die sukses daarvan. (6)


1.2 Madonna is 'n kontemporêre popheldin wat 'n logo wil hê wat gebruik kan word om haar produkte te bemark. Hieronder is enkele van die ontwerpoplossings wat aan haar voorgestel is.



**FIGUUR 1.2**



**FIGUUR 1.3**



**FIGUUR 1.4**

1.2.1 Kies EEN van hierdie logo's en bespreek die ontwerp daarvan in terme van die volgende:

(a) Kontras
(b) Vorm/Vlak
(c) Beweging (3)

1.2.2 Verduidelik hoe ontwerpers die letter 'M' gemanipuleer en/of in TWEE van die logo's gestileer het. (2)

1.2.3 Watter een van Madonna se logo's sou die suksesvolste wees om die beeld van dié popheldin te bemark? Motiveer jou keuse met 'n weldeurdagte bespreking. (5)
**[20]**

**VRAAG 2**

2.1 Verwys na die advertensies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




FIGUUR 2.1




FIGUUR 2.2

2.1.1 Watter logo, FIGUUR 2.1 of FIGUUR 2.2, is volgens jou mening die suksesvolste? Verduidelik jou keuse. (2)

2.1.2 Jy is die redakteur van 'n bekende tydskrif en moet seker maak dat stereotipes en vooroordele nie in jou tydskrif ondersteun word nie.

Bestudeer FIGUUR 2.1 en FIGUUR 2.2 noukeurig. Watter een is volgens jou mening die mees gepaste of ongepaste advertensie met betrekking tot stereotipering en vooroordele? Gee redes vir jou keuse. (4)

2.2




**FIGUUR 2.3: BUITEBLADONTWERP VIR 'N PLAASLIKE SKOOLTYDSKRIF, ONTWERP DEUR LFI MEDIA.**


2.2.1 Verduidelik die betekenis van die volgende terme en verduidelik hoe dit in FIGUUR 2.3 gebruik is:

(a) Inhoud
(b) Simbool/Simbole (2)


2.2.2 Gee 'n kritiese bespreking van die manier waarop die ontwerper die verskillende font-/lettertipes op die buiteblad gebruik het. (2)
**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na FIGUUR 3.1 en FIGUUR 3.2 en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR 3.1: Ontwerp en gemaak deur werkers in die Mapula Borduurwerk-projek, ongeveer 2001.**



**FIGUUR 3.2: Deursigtige glasvaas ontwerp deur Aino Aalto en vervaardig deur Karhula Glaswerke, Finland 1936.**

3.1.1 Vergelyk hierdie twee werke (FIGUUR 3.1 en FIGUUR 3.2). Verwys na beide hulle ooreenkomste en verskille. (6)

3.1.2 Kuns en Ontwerp word dikwels as aparte dissiplines gesien. Stem jy saam?

Bespreek hierdie stelling kortliks deur na FIGUUR 3.1 en FIGUUR 3.2 te verwys. (4)

3.2 Bespreek die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper van jou keuse.

Identifiseer die ontwerper en bespreek sy/haar ontwerpe in terme van die volgende:

3.2.1 Naam van die ontwerper en sy/haar ontwerp/e (2)
3.2.2 Plaaslike invloede/internasionale invloede (2)
3.2.3 Stylkenmerke van die ontwerp/e (6)
**[20]**

**VRAAG 4**

4.1 Ontwerpbewegings begin gewoonlik as 'n reaksie op 'n vorige styl of gebeurtenis.

Brei op hierdie stelling uit deur aan te toon of jy saamstem of nie.

Kies slegs TWEE ontwerpstyle van die 20ste eeu om jou argument te motiveer.

- Noem 'n ontwerper of ontwerpers van elke styl.
- Verwys na die kenmerke van hierdie style en bespreek die invloede op elk.
- Voer 'n argument aan of hulle begin het as reaksie op 'n vorige styl/gebeurtenis, al dan nie. (20)

4.2 Kyk na die illustrasies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR 4.1**



**FIGUUR 4.2**

Analiseer en vergelyk die ontwerpe in FIGUUR 4.1 en FIGUUR 4.2.

4.2.1 Toon die stilistiese verskille tussen die werke in FIGUUR 4.1 en 4.2 aan. (4)

4.2.2 Identifiseer die moontlike stylbeweging/s waaruit jy dink hierdie werke gekies is. (2)

4.2.3 Verduidelik die historiese konteks en/of die tipiese kenmerke van hierdie stylbewegings waarin die objekte gemaak sou kon wees. (4)

(10)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 80**

## AFDELING B: ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS

## VRAAG 5

5.1 Kies EEN Suid-Afrikaanse sosiale kwessie waarmee jy gedurende jou jaar van studie te doen gehad het. Jy mag enige EEN voorbeeld gebruik.

'n Paar moontlikhede wat jy dalk kan gebruik om te bespreek:


Argitektuur: 'n Winkelkompleks as visuele kultuur
Mode: Mode en die vroulike soldaat
Musiek: Herstruktureer jeugdige identiteite in kontemporêre Suid-Afrika.
Uitgewers/Publikasie: Konstrueer vroulikheid in populêre tydskrifte.

Doen die volgende in 'n gestruktureerde opstel:


- Identifiseer die strydpunte of kwessie/s wat betrokke is.
- Bespreek hierdie strydpunt/e of kwessie/s.
- Gee jou kritiese mening oor die invloed van hierdie strydpunte of kwessies op die sosiale lewe in Suid-Afrika. (14)

5.2 Bespreek die TWEE plakkate hieronder (FIGUUR 5.2 en FIGUUR 5.3). Gebruik die volgende terminologie en kritiese denkvaardighede in jou bespreking van die plakkate.

- Afsny (‘Cropping’)
- Perseptueel
- Konseptueel
- Illusie van 'n 3-dimensionele vorm en 2-dimensionele vlak
- Gebruik van slagspreuke
- Kenmerke van 'n goeie plakkaat




**FIGUUR 5.2: Plakkaat**




**FIGUUR 5.3: Plakkaat**

(6)
**[20]**


**VRAAG 6**

**Beantwoord enige TWEE van die VIER vrae (VRAAG 6.1, 6.2, 6.3 en 6.4).**

6.1 Bespreek ENIGE internasionale ontwerper wat jy bestudeer het, wat sy/haar besorgdheid oor omgewingskwessies in sy/haar ontwerpe aanroer. (10)

**OF**

6.2 Frank Gehry, 'n internasionale argitek en ontwerper, het in 1972 die eerste ontwerperskartonmeubelstuk geskep uit riffelkarton, genaamd 'Wiggle Chair' (met versteekte skroewe en veselbordkante). Dit kon van herwonne karton gemaak word om sodoende omgewingsbesorgdheid in ag te neem.



**FIGUUR 6.2: Frank Gehry, 'Wiggle Chair', 1972** (10)


**OF**


6.3 Wanneer 'n funksionele objek ontwerp word moet 'groen' besorgdheid net so belangrik soos funksie, net so belangrik soos die estetiese, en net so belangrik soos kreatiwiteit wees.

Met die bogenoemde stelling in gedagte, bespreek die werk van 'n Suid-Afrikaanse 'groen'-ontwerper of 'groen'-ontwerpgroep wat jy bestudeer het. (10)

**OF**

6.4





**FIGUUR 6.4: Prototipes van WOBO-bottel en WOBO-huis, 1960**

Heineken ('n internasionale biervervaardigingsmaatskappy) het Habraken ('n ontwerpmaatskappy) opdrag gegee om 'n reghoekige bottel te ontwerp wat as baksteen gebruik kon word nadat die bier gedrink is. Die resultaat van die ontwerp was 'n prototipe-huis, die WOBO-huis, vir bemarking in die derdewêreldse lande. Ten spyte van die goeie bedoelings is die projek egter nie verder gevoer as die somerhuis in Habraken se tuin nie (FIGUUR 6.4).

6.4.1 Oorweeg en bespreek die volgende kwessies:

- Die bou van huise met glasbakstene
- 'n Sosiale/omgewingsbesorgdheid gebaseer op die verkoop van alkohol
- Hoekom dink jy het die projek nie verder ontwikkel nie? (5)

6.4.2 Dink jy dat ontwerpers genoeg doen om die omgewing te beskerm/ by betrokke te raak? Motiveer jou antwoord deur na enige internasionale ontwerper wat jy bestudeer het, te verwys. (5)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS

## VRAAG 7

**Beantwoord VRAAG 7.1 OF VRAAG 7.2. Beantwoord slegs EEN vraag.**

7.1 7.1.1 Die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie (KSOK) het 'n besigheids-ontwikkelingsinisiatief, genoem 'n korf ('hive'), daargestel in 'n gebied naby jou woonbuurt.

Hulle bied plekke teen 'n verlaagde huur aan wat aan jou behoeftes as ontwerper sal voldoen. Hulle sal ook klein lenings aanbied om oprigtingskoste te dra.

Om van hierdie aanbod gebruik te maak, moet jy 'n aansoek-brosjure voltooi.

Gebruik die volgende opskrifte as 'n gids:

(a) Persoonlike inligting – insluitend jou kwalifikasies. (Bespreek hierdie studiemoontlikhede wat jy nagevors het.) (2)

(b) Redes waarom jy hierdie voorgestelde besigheid wil begin (5)

(c) Jou sakeplan (10)

(d) Voorgestelde bemarkingstrategieë, afsetgebiede ingesluit, advertensies en ander moontlikhede (5)

7.1.2 In die sakeomgewing is daar ontwerpers/ontwerpateljees waarna jy kan opkyk vir inspirasie en motivering. Kies 'n individuele persoon of 'n groep en motiveer waarom jy daarvan sal hou om vir hom/haar of hulle te werk. (8)
**[30]**

**OF**

7.2 7.2.1 'n Tender is aan jou maatskappy toegeken om jou ontwerp/produk te skep en te maak vir 'n Provinsiale Toerisme Expo. Skryf 'n sakeplan wat sal toon hoe jy beplan om jou ontwerpe te bemark.

Verwys na die volgende:

(a) Sakeplan (4)

(b) Vestiging van 'n teikenmark. (4)

(c) Die tipiese vereistes vir die verpakking van jou produk (4)

(d) Metodes van bemarking/advertering (4)

7.2.2 Watter maatreëls sal jy in jou ontwerpbesigheid tref om die regte van jou werknemers te beskerm? (4)

7.2.3 'n Ontwerpmaatskappy bied 'n loopbaankursus wat oor drie dae strek vir leerders van naburige skole aan.

Skryf 'n artikel waarin jy in breë trekke die verskillende loopbaangeleenthede beskryf wat leerders sal hê nadat hulle aan hierdie moontlike programme van hierdie kursus blootgestel was. (5)

7.2.4 Jy moet 'n advertensie in jou plaaslike koerant plaas om 'n vakante pos vir 'n ontwerper in jou maatskappy te adverteer.

Skryf 'n kort advertensie waarin jy duidelik die belangrikste vereistes vir hierdie pos uiteensit. Plaas die vereistes in volgorde van belangrikheid. (5)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou